MELK&HEUNING
NUM 13:23 27

DIE VOLHEID VAN DIE KONINGKRYK

WWW.MILKANDHONEYMINISTRY.CO.ZA
OF VIND ONS OP FACEBOOK

## Die Letter Hey

*Daar is dele uit die *'Ancient Hebrew Lexicon of the Bible' deur* ***Jeff A Benner****, vertaal deur S. Ernst.*

## AlefTav #19

## Tema: Die letter ***Hey***

## Les 1: Verduideliking van ***Hey***

## Opsomming

**Naam:** *Hey*
**Uitspraak:** *He* soos in ***H****allo.*
**Prentjie:** Prentjie van 'n man wat se arms in die lug is.
**Betekenis**: Kyk [Behold], asem, sug, openbaar/openbaring.
**Numeriese waarde:** 5

Die vyfde letter van die Antieke Hebreeuse Alfabet is die letter ***Hey,*** en dit word dieselfde genoem in Moderne Hebreeus.
Oorspronklik het die lettertjie as 'n konsonant, met 'n *He*-klank, én as 'n vokaal met 'n *eh*-klank gedien.

Die prentjie lyk soos 'n stokmannetjie wat sy arms in die lug hou, soos wanneer iemand iets ongeloofliks sien.




## AlefTav #20
## **Tema:** Die letter ***Hey***
## **Les 2:** Die woord ***Hey***

Die letter *Hey* word ook algemeen gebruik as 'n voorvoegsel en dit beteken ***'die'*** bv in ***'ha'aretz'*** beteken dit *'die land'.* Die gebruik van die voorvoegsel *Ha* is om **iets belangriks in die sin aan te dui of te openbaar.**

Met die behandeling van die letter ***Al*** het julle geleer dat dit of 'n ***ah* klank of 'n *eh* klank** kan hê.

*Hey/Ha* word gespel = ***Al + Hey***




*HEY / HA = Hey / The*

So die **naam van die letter** word uitgespreek as *Hey* maar die **woord en die voorvoegsel** word uitgespreek as *Ha.*

As ons na die woord *HA* kyk, dan staan die *Al* vir **sterk en kragtige** en die *Hey* staan vir **kyk, sug en openbaring.** So saam beskryf die twee letters dan **'Kyk die kragtige openbaring'.**

As ons na **Genesis 1v1** kyk dan lees dit *"In die begin het Elohim die hemel en die aarde geskape".*


In Hebreeus is *die hemel* = **ha'shamayim** en *die aarde* = **ha'aretz.**

So as ons ag neem wat die voorvoegsel *Ha* beteken, dan kan **Genesis 1v1** lees: *"In die begin het Elohim geskape – **kyk die kragtige openbaring van die hemel en kyk die kragtige openbaring van die aarde"***

Dit moes 'n wonderlike sig en openbaring gewees het to die hemel en die aarde tot stand gekom het!

## AlefTav #21
## Tema: Die letter *Hey*
## Les 3: Die verskillende vorme van *Hey*

Hier is die vier verskillende vorme van ***Hey:***





Die '*middle script'* letter was aangeneem deur die Grieke en die Romeine en het hulle letter ***E*** geword (Die letter is omgekeer omdat die rigting van skryf teenoorgesteld is). Dieselfde '*middle script'* letter het ook die syfer **5** geword.

'n Voorbeeld van 'n woord wat met die letter ***Hey*** begin is:

**Hav** *[Haf]* = Die **wortelwoord** van om te *Gee / Geskenk / Liefde*
As jy 'n *Al* byvoeg dan kry jy die woordjie
**OHAV** *[Oh-haf]* = Liefde



*"Die Hey prentjie verteenwoordig iemand wat iets wonderliks aanskou en sy hande in die lig gooi en sê, Wow kyk! Die Bet verteenwoordig 'n tent of 'n huis. Saam beteken die twee prentjies "Kyk na die huis" of "Voorsien vir die familie." Ons kies nie die huise en families waarin ons gebore word nie, dit sluit in stamme, kinders en huweliksmaats (huwelike was baie maal vooraf gereël). Families is 'n **geskenk van Vader af.** Hierdie kosbare geskenk word gesien as 'n voorreg en ons moet dit koester en beskerm."* *ANCIENT HEBREW LEXICON*

## AlefTav #22
## Tema: Die letter *Hey*
## Les 4: Die betekenis van die syfer 5 - Deel 1

Julle weet reeds dat die letter *Hey* beteken: *Kyk [Behold], asem, sug, en openbaar/openbaring.* Die numeriese waarde van die letter *Hey* is **5.**
Die **syfer 5** in die Skrif verwys na **Genade en Gehoorsaamheid.**

- Die **Tabernakel se ingang** het **5 pilare gehad**. (Die ingang van die buitehof het 4 gehad)
- Die **10 Gebooie** bevat **2 stelle van 5 Gebooie** elk – Die eerste is gebooie teenoor die Vader en die tweede stel is gebooie teenoor ons medemens.
- Die *Torah/Instruksies* van YHWH is opgmaak deur **5 boeke.**
- Daar is **5 tipes offers** wat gebring was aan die Vader: Die Brandoffer, die Sondoffer. Skuldoffer, Voedseloffer en 'n Dankoffer.

Jy kan nie *Genade en Gehoorsaamheid* skei nie. Deur Sy **genade bekragtig Hy ons om in gehoorsaamheid te wandel in die Gees,** nie deur die vlees nie. Gehoorsaamheid uit die vlees uit = wetties. *Ongehoorsaamheid* onder die vaandel van *Genade* = wetteloosheid.

Ek wil 'n stuk deel uit 'n vorige *Melk&Heuning* les wat handel oor *Genade:*

> ***Romeine 6v15*** *"Wat dan? Sal ons sonde doen, omdat ons nie onder die wet is nie maar onder die genade? Nee, stellig nie!"*
>
> ***Mense het 'n baie verkeerde idee oor genade.***
> *As ons kyk na die oorspronklike betekenis van die woord Genade dan is net 'n klein deel van die definisie "Onverdiende guns"*
>
> *Die antieke Hebreeuse woord vir Genade is **Gen** en sy abstrakte betekenis is **Pragtig**. Genade verwys na die reinigings proses van die Bruid om Pragtig te word*
>
> ***Genade is Abba wat ons Sy weë, beginsels en denkwyses leer.***

*Verdien ons dit en kan ons verander uit ons eie krag? Nee! Dit is die onverdiende guns gedeelte. Barmhartigheid (Mercy) is tyd wat Vader vir ons gee om uit te vind wat Hy sê of bedoel en om dit toe te pas op ons lewens.*

*So Genade en barmhartigheid beteken nie ons is vry om te volhard in sonde nie.* ***Genade is nie net 'n bedekking vir ons sonde nie maar 'n roep om afgesonderd te lewe deur Sy Gees***

***Genade is Sy opregte liefde wat ons lei na bekering en ons toerus om Sy Woord op ons lewens toe te pas****.*

*In* ***Jakobus 4v:6*** *sê dit "Maar Hy gee groter genade; daarom sê Hy: God weerstaan die hoogmoediges,* ***maar aan die nederiges gee Hy genade****."*

***As genade net onverdiende guns was, moet dit nie aan die hoogmoediges ook gegee word nie?*** *Hoeveel van julle ken hoogmoedige gelowiges? Dit is definitief nie net 'n sonde van die wêreld nie.*

***2 Korinthiërs 12v9*** *sê "En Hy het vir my gesê:* ***My genade is vir jou genoeg, want my krag word in swakheid volbring****. Baie liewer sal ek dus in my swakhede roem, sodat die krag van Y'husha in my kan woon."*

***Genade is die krag van die Vader wat ons help om ons swakhede te oorkom deur Sy Gees.***

## AlefTav #23
## Tema: Die letter *Hey*
## Les 5: Die betekenis van die syfer 5 - Deel 2

**Gehoorsaamheid** in Hebreeus is ***Sh'ma*** *– [Meeste van julle is reeds bekend met die woord.]* Die numeriese Waarde vir *Sh'ma* is ook **5.** Dit is hoe dit geskryf word in Antieke Hebreeus.




*SHMA = Gehoorsaam*

****Hoor, Aanvaar, wees lief daarvoor en Doen***

As ons na die betekenis van die prentjies kyk dan sê dit vir ons:
***"Om weer (en weer) die Magtige [Lewende Waters] te sien en te ken."*** Hoe meer jy 'n *Sh'ma* lewe leef, hoe meer intiem sal jy Yahusha leer ken.

In Hebreeus verwys hulle na die *Sh'ma* as ***'Die Getuie'.***
Ons vind die ***Sh'ma*** *in* ***Deut 6v4***
*"Hoor, O Israel: YHWH julle God, YHUH is Een." In Hebreeus gaan dit:*
***"Sh'ma Y****israel: YHWH Eliheinu, YHUH* ***Echad."***

**Die vers word *die Getuie*** genoem. Wanneer jy dit bid/spreek dan **getuig jy dat jy glo in YHWH.** *Sh'ma* word vertaal as *hoor,* maar in Hebreeus beteken dit om ***"te hoor, te aanvaar, dit te verstaan en lief te hê en te doen."*** So ons moet nie net hoor dat Hy Elohim is nie, maar ons moet dit verstaan en leef.

Die woord ***Sh'ma*** eindig met die letter ***ayin***  en **nie met 'n *Al* nie** (Albei het 'n ah klank.) **Om dit duidelik te maak**, sodat die volgende Skrifgeleerdes dit reg oorskryf, **het hulle die *ayin* groter geskryf as die ander letters** op die skrifrol. Dit het verseker dat hulle onthou mens spel *Sh'ma* met 'n *Ayin* en nie met 'n *Al* nie. As jy *Sh'ma* met 'n *Al* spel dan beteken die *'miskien'... Dit sal nie goed afgaan nie – "Miskien, O Israel..."*

Die laaste letter van die versie is die letter *Dal*  wat deel uitmaak van die woord ***echad****.* Die letter is **ook groter geskryf as die res.** Hoekom? Die twee letters, **Ayin + Dal** is groter geskryf en vorm 'n nuwe woord = ***Ahd.*** Die woord beteken ***'Getuie'!***

 *"Dit is 'n prentjie van 'n oog en 'n prentjie van 'n deur. Saam beteken dit* ***'sien die deur',*** *soos wanneer jy na die Tent van Ontmoeting gaan in ingaan. Dit verwys na 'n* ***gebeurtenis wat herhaal****. Dit dui ook op 'n gebeurtenis of persoon* ***wat 'n ander gebeurtenis of persoon herhaal/oorvertel****."* (The Ancient Hebrew Lexicon of the Bible)

Dit is ook die **stamwoord** wat beteken ***feeste/afsprake.*** Deur dit te vier hou ons **ons oë op die deur in afwagting vir Sy wederkoms.**

Wanneer ons dus die ***Sh'ma*** sê **getuig ons en gee ons eer aan YHWH as die lewendige Elohim.** Dit is die *'wagwoord'* van ons geloof!
Die ***Sh'ma*** was gegee, op die fees van *Shavuot* by die berg *Sinai,* saam met die 10 Gebooie. By dieselfde fees, jare later, is die Gees uitgestort op die gelowiges om te **gaan getuig van die goeie nuus.** Wanneer jy in 'n verbondsverhouding ingaan met Abba en jy ontvang Sy Gees, dan word jy 'n getuie van wie Hy is.

As jy verder lees in die Skrif, in verse 5-6, dan sê dit **ons moet Elohim lief hê met ons hele wese en die woorde as 'n getuie op ons harte se deurposte skryf!**
Mag ons elke ***Sh'ma*** na Sy stem en luister na wat die Gees vir die Gemeentes sê!

